Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 11
November 2003

KONTAK MET 'DIE ANDER KANT'

'n Opvallende verskynsel van ons tyd is die belangstelling vir kontak met die afgestorwenes, die mense "aan die ander kant". TV-programme soos 'Crossing Over with John Edward' en 'Making Contact' van Belinda Silbert bewys dat daar blykbaar 'n groot behoefte is dat mense met oorlede familielede kan kontak maak.
John Edward en Belinda Silbert tree op as mediums. Hulle kry mense in vir 'n gesprek en tree dan op as tussengangers tussen die persone en oorlede geliefdes.

Die boodskappe wat van die ander kant af kom, is altyd positief. 'n Weduwee wat oorweeg om weer in die huwelik te tree, kry van haar oorlede man die boodskap dat hy nie 'n probleem het as sy weer wil trou nie: "Gaan gerus voort, ek wil graag hê dat jy gelukkig moet wees." 'n Dame wat bekommerd is oor haar broer wat in 'n motorongeluk dood is, kry die troosvolle boodskap: "Hy laat weet dat hy OK is daar aan die ander kant." Die TV-programme word afgesluit met kort onderhoude met die deelnemers waarin hulle vertel hoe wonderlik dit was om kontak met hul oorlede geliefdes te kon hê en om positiewe boodskappe van hulle te ontvang.

Ons maak kortliks drie opmerkings oor hierdie verskynsel. In die eerste plek is dit 'n oop vraag wat presies gebeur tydens hierdie sessies. John Edward en Belinda Silbert gee voor dat hulle kontak maak met die dooies, maar dit kan ook wees dat dit maar net psigologiese speletjies is. Op internet is daar groot diskussie oor die vraag of John Edward werklik heldersiende is, of dat hy maar net 'n slim leser van mense se gedagtes is.

In die tweede plek weet ons uit die Bybel dat daar wel so iets soos heldersiendheid bestaan. Daar is sekere magte en kragte in die geestelike wêreld. 'n Mens kan byvoorbeeld dink aan die dodebesweerster in Endor en die slavin met die waarsêersgees in Filippi. Die Bybel weet van hierdie dinge, maar die Here het ons verbied om die geeste van die afgestorwenes te raadpleeg (Deut. 18:11). Nie die dooies moet geraadpleeg word nie, maar die lewende God!

In die derde plek is dit veelseggend dat die belangstelling vir kontak met die afgestorwenes sterker word in 'n tyd dat die kennis van God verminder.
Dit is ironies as 'n mens daaraan dink: Terwyl op die sendingveld mense van die slawerny van die voorouergeeste bevry word, vind in die gesekulariseerde Weste 'n omgekeerde proses plaas. Mense verwerp die evangelie van die lewende God en soek dan hulle troos by boodskappe van "geeste wat waarsê, piep en mompel" (Jes. 8:19).

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Vervolgde kerk

- **Vervolging wêreldwyd vandag 2**
- **Kerk in verdrukking 3**
- **Vervolging van Christene in Indonesië 5**
- **Moet Christus se kerk vervolging verwag 7**
- Evangelisasie onder die Krim-tartare 11
- Oefening in die godsvrug 13
- Waag dit om 'n brugbouer te wees 15
- Verslag: ICRC-konferensie 16
- 'n Nuwe Vrymaking in Nederland 19

VERVOLGING WêRELDWYD VANDAG

A Roos

TEMA: VERVOLGDE KERK

"En julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam", lees ons in Matt. 24:9. In Markus 13 hou ons Here Jesus sy dissipels voor dat hulle oorgelewer sal word aan regbanke en dat hulle in sinagoges geslaan en voor goewerneurs en konings gebring sal word. Nogtans moet hulle hul nie kwel nie oor wat hulle moet spreek nie... want dit is nie julle wat spreek nie maar die Heilige Gees.

Hierdie Bybelgedeeltes is maar al te bekend as deel van die profetiese rede en dui op die eindtyd waarvan ons nie weet hoeveel jare of eeue dit omvat nie. Ons weet wel dat die vyandskap teen Christus en sy Kerk al meer sal toeneem en dat, ter wille van die uitverkorenes, daardie dae verkort sal word.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

MARGINALISASIE

In magteloosheid moet Christus se Kerk toesien dat God en sy Woord die hele wêreld deur na die kantlyn geskuif word. Die Europese Unie het God en sy gebod uit sy grondwet geskrap terwyl in ons land se grondwet nie meer erkenning gegee word aan die almagtige God, Heerser van die nasies nie. Sekerlik, die kerk word nog genooi om sy rol te speel en word gevra om sy mening oor brandende vraagstukke te gee. As egter die mening nie na die sin van bewindhebbers is nie ontstaan wrewel wat selfs in minagting kan ontaard. Ons hoef nie ver te soek waar in ons samelewing die kerk se Bybel gefundeerde mening op dowe ore val, met meewarigheid bejeën en as wêreldvreemd gebrandmerk word nie. Dit lei nie tot vervolging van die kerk nie, altans nog nie, maar is 'n vorm van stille verdrukking wat seer maak.

FISIEKE VERDRUKKING

Hewiger is die teenstand van owerhede wat toelaat of aktief gemoeid is met verdrukking van Christene. Die organisasie van "brother Andrew", bekend om sy pogings om Bybels te versprei in gebiede waar dit nie of oogluikend toegestaan word nie het op sy webwerf "Open Doors International" 'n lys gepubliseer van 50 lande waar teenstand teen Christene die ergste is. Afhangende van antwoorde op vrae word punte toegeken en sodoende 'n indeks, van hoog tot laag, verkry wat teenstand teen Christene meet. Hierdie vrae behels o.a. die mate van vryheid van religie, die verskil tussen amp-telike erkenning van die Christendom en die aktuele situasie, die rol van die kerk in die samelewing en dies meer. Hoewel hierdie statistiek reeds meer as 'n jaar oud is, is die informasie insiggewend.

Dit is nie doenlik om die volledige statistiek weer te gee nie maar hieronder volg 'n lys van die tien lande met die gepaardgaande indekse wat die ergste teenstand teen die Christendom wys. Die hoogste telling van die volledige statistiek is 83 en die laagste 23.

Noord-Korea	83
Saoedi-Arabië	77
Laos	70
Viëtnam	69
Toerkmenistan	65
Maledive	63
Bhoetan	63
Pakistan	62
Afganistan	61
Somalië	60

DIE STAAT

Uit kommentare oor verskillende lande blyk dat die ergste teenstand kom van lande waar die Christendom eenvoudig verbied word.

Berug is 'n land soos Noord-Korea waar Christene as vyande van die staat beskou word. Daar is berigte dat Christene opgesluit en dikwels

aan marteling blootgestel word. Ontstellend is die berig dat verwagtende Christenmoeders dikwels gedwing word om te aborteer, "mense met 'n verkeerde ideologie behoort nie geboorte te gee nie". Christene word gedwing om hulle geloof te verloën en trou te sweer aan president Kim Il Sung. Weiering kan teregstelling tot gevolg hê.

Net so meedoënloos is Viëtnam wat ook onder 'n kommunistiese diktatuur gebuk gaan. Behalwe dat die Christendom as gesagsondermyning beskou word, word dit ook verbind aan 'n Westerse kultuur, met name die van die VSA. As gevolg van die Viëtnam-oorlog word die Christendom as staatsgevaarlik beskou. Na raming 14 000 Christene het na naburige lande gevlug om vervolging vry te spring. Dié wat teruggestuur is, is gevange geneem en soms gemartel.

STAATSGODSDIENS

Die skeiding tussen kerk en staat is nie orals ewe duidelik nie. Die vernaamste voorbeeld hiervan is die Moslemstate. Islamitiese wetgewing, die Sharia, is voorskriftelik ten aansien van sowel die politiek as die breë samelewing. In terme van hierdie wetgewing is dit vir 'n Moslem verbode om hom of haar te bekeer tot die Christendom of enige ander religie. Evangelisasie is derhalwe verbode en moet ondergronds plaasvind. Eredienste vind plaas in huisgemeentes en is dikwels blootgestel aan kontrole deur die owerheid.

'n Voorbeeld is die situasie in Saoedi-Arabië waar openbare eredienste deur Christene verbied word. Die offisiële godsdiens is die Islam maar Christene word toegelaat om privaat hulle eredienste te hou. Dit is die amptelike beleid van die owerheid, die daaglikse praktyk is egter 'n ander storie. Christene word dikwels in aanhouding gehou sonder 'n amptelike aanklag. Dikwels word Christene as tweede klas burgers beskou, soos in Iran, en is onderworpe aan diskriminerende praktyke. Volgens 'n berig uit hierdie land word van winkeleienaars verwag om hul religieuse affiliasie op hul winkel vensters bekend te stel. In die oorwegend Moslemstaat diskrimineer dit teen Christene. Nader aan huis is Somalië 'n land waar die Islam die nasionale godsdiens is. Wetgewing is hoofsaaklik gebaseer op die Sharia wat evangelisasie en oorgang na die Christelike geloof onwettig maak. Die Christelike kerk is dus baie klein en opereer hoofsaaklik in huisgemeentes of ondergronds. Behalwe die Islam is Boeddhisme net so onversetlik teen die Christendom. Dit word eenvoudig verbied en Christene word geag om 'n bedreiging vir die Boeddhistiese kultuur te wees en word derhalwe vervolg en, waar moontlik, vernietig.

16 November

DAG VAN GEBED

Die jaarlikse internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk word hierdie jaar op 16 November 2003 gehou. In talle kerke sal daar op hierdie dag voorbidding gedoen word vir vervolgde Christene wêreldwyd.

Inligting oor vervolging van die kerk is beskikbaar by die stigting Geopende Deure Suid-Afrika, Posbus 990099, Kiblerpark, 2053. E-pos: southafrica@od.org.

TEN SLOTTE

Dis moeilik om uit bostaande fragmentariese gegewens wat beskikbaar is 'n geheelbeeld te kry. Dat Christene verdruk word kan nie betwyfel word nie. Informasie is gebrekkig omdat baie lande nie gretig is om hul interne probleme vir die wêreld-opinie vry te gee nie. Boonop is hul grense maar al te dikwels gesluit vir buitelandse joernaliste. Nogtans is dit duidelik dat aktiewe verdrukking van Christene veral in die Ooste voorkom. Die vernaamste vyande van die Christelike kerk is die staat self wat geen ander verering toelaat as die van die staatshoof nie. 'n Duidelike voorbeeld is die staat Toerkmenistan ('n staat ten Noorde van Iran en wat grens aan die Kaspiese See) waar die president nie toelaat dat aan 'n ander as homself hoër gesag toegeken word nie. Verder is die kommunistiese ideologie gekant teen enige vorm van Christendom hetsy vanuit 'n suiwer kommunistiese doktrine, wat godsdiens as opium vir die volk beskou, of uit pragmatiese politieke oorwegings.

Fundamentalistiese religies, soos die Islam en Boeddhisme, duld geen ander religie nie en waar hierdie religies tot staatsgodsdiens verhef is, is daar min of geen plek vir die Christelike kerk nie. Demokratiese vryheid soos dit voorkom in die Weste gee, konstitusioneel, baie ruimte aan die Christendom. Van vervolging as sodanig is daar geen sprake nie. Nogtans word dit in baie gevalle prakties gemarginaliseer. ¤

KERK IN VERDRUKKING

Dr JW Meijer

TEMA: VERVOLGDE KERK

Vir ons wat in vrede leef en in vryheid kan vergader, is die verdrukking van die kerk 'n veraf aangeleentheid. Miskien is dit die rede hoekom onder ons soms die gedagte gevind word dat die groot verdrukking waaroor die Here in Mattheüs 25 praat, nog moet kom. Deur hierdie verdrukking na die toekoms te verskuif, stel ons ook die terugkoms van die Here uit, want dit sal eers na die groot verdrukking kan plaasvind. Wanneer ons egter die geskiedenis van die kerk in die afgelope twee millenniums oorsien, blyk dit dat die verdrukking lankal daar is. Soos na 'n seebewing 'n enorme vloedgolf oor groot afstande en oor 'n lang periode sy verwoesting aanrig, so eis die geprofeteerde verdrukking al 20 eeue lank dan hier en dan daar sy talle slagoffers en martelaars.

PAULUS

Na sy derde sendingreis neem Paulus op die strand van Milete afskeid van die ouderlinge van Efese. In sy afskeidswoorde praat hy ook oor die stryd wat vir hulle (en ons) voorlê. Hy dui twee aspekte van die verdrukking aan: wrede wolwe wat die skape sal verskeur en valse profete wat die skape sal verlei (Hand. 20:29,30). Hierdie twee aspekte van die groot verdrukking is die wapens wat Satan gebruik om indien moontlik selfs die uitverkorenes tot 'n val te bring. Vervolging en verleiding is dwarsdeur die kerkgeskiedenis in afwisseling en in samewerking die patroon van die groot verdrukking.

DIE BEKENDE VERHAAL

Reeds in die boek Handelinge lees ons van vervolging van die kerk. Stefanus word gesteenig en Paulus vervolg die kerk met mening. Die vervolging lei egter tot kerkplanting in bv. Samaria. Dan word die aanval via die verleiding van Simon die Towenaar gedoen. In vergelyking met die wêreldskaal is hierdie gebeurtenisse baie kleinskalig, maar dit dui wel duidelik die patroon aan. Dit wys ook pragtig die bewaring van die kerk. Dieselfde patroon keer telkens terug. In elke kerkgeskiedenishandboek kan u die verhaal nalees van die vervolgings onder die Romeinse keisers en daarna die periode van die staatskerk met sy stryd oor die belydenis oor Christus en die kanon van die Bybel. Baie van ons kerkgeskiedenisboeke gee vervolgens 'n aantal kort mededelings oor die Middeleeue in Wes-Europa om vervolgens breë aandag te gee aan die geskiedenis van die Reformasie. Dit word nie as 'n verwyt bedoel nie, die doel van die meeste kerkgeskiedenisboeke is om die leser te wys op God se bewarende hand en die gelowige van vandag sy wortels en sy voorgeslagte te toon. Daar is egter baie meer as hierdie bekende verhaal.

DIE KERK VERDWYN

Ons ken die stede wat Paulus op sy sendingreise besoek het, die briewe wat aan van die gemeentes geskrywe is, vorm deel van die Bybel. Ons weet van Augustinus die biskop van Hippo, naby die huidige stad Tunis, ons weet van die konsilie van Nicea in die huidige Turkye, ons weet van Athanasius die biskop van Alexandrië in Egipte, maar waar is al die kerke vandag? Hulle het verdwyn.

Tussen die jare 600 en 700 na Christus het die stortvloed van die Islam die Midde-Ooste, Turkye, Noord-Afrika en Spanje oorspoel. Hierdie gewelddadige oorname deur die Arabiere het die Christene in 'n baie moeilike posisie geplaas. Nee, die verhaal dat elkeen wat nie die Mohammedaanse belydenis oor Allah en Mohammed nagespreek het nie dadelik gedood is, is nie waar nie. Die Christene is onder die nuwe politieke bestel geduld, maar in feite monddood gemaak: daar was 'n verbod op enige verspreiding van die evangelie. Die kerke wat deur die ketterye van Nestorius, Arius, Donatus en baie ander al swaar gely het, kon nie die nuwe druk hanteer nie en het verdwyn. Dit is eintlik 'n merkwaardige ontwikkeling. Daar is talle voorbeelde, tot in vandag se tyd toe, dat juis die kerk wat in die verdrukking kom sy sterkste lewenskragte vind. In die geval van die kerke onder die Islam was dit nie die geval nie. Hulle ondergang was nie die direkte gevolg van die Islam nie, maar was te wyte aan die gebrek aan innerlike krag.

NA DIE REFORMASIE

Behalwe die vervolgings onder die Romeinse keisers toe die Christene vir die leeus gegooi is, ken ons ook die brandstapels van die Reformasietyd. En weer kan ons met dankbaarheid konstateer: die bloed van die martelare was die saad van die kerk. Dit is voorwaar 'n waarheid waarvoor ons dankbaar mag wees. Maar weer is dit nie die hele verhaal nie.

Teenoor die Reformasie het die Roomse kerk sy teenoffensief begin deur middel van 'n beweging wat ons as die Teenreformasie ken. Die Inkwisisie wat reeds in die Middeleeue in die stryd teen ketters gebruik is, het 'n nuwe taak gekry. Deurdat ons Afrikaanse kerkgeskiedenis vir 'n belangrike deel gewortel is in die Nederlandse kerkgeskiedenis, kan die indruk ontstaan dat die Teenreformasie nie baie suksesvol was nie, want in die Republiek van die Verenigde Nederlande het die gereformeerde godsdiens geseëvier. Die Sinode van Dordrecht het die kerke gekonsolideer en die basis vir 'n eeuelange ontwikkeling gelê.

Dit is weer iets waarvoor ons baie dankbaar moet wees, maar waar het die kerke in Spanje, Frankryk en Italië gebly? Hulle het verdwyn. Lees maar die geskiedenis van die Gereformeerde kerke in Frankryk en u sal die enorme suksesse van die Teenreformasie leer ken. Soos onder die vervolgings van die Romeinse keisers baie Christene hul geloof verloën het, soos die kerke onder die Islam hulle innerlike krag verloor het, so het onder die Teenreformasie en die swaar hand van die Inkwisisie baie Christene beswyk en baie kerke verdwyn.

WêRELDWYD

Die skade wat die Roomse teenoffensief aan die kerk aangebring het, was nie tot Europa beperk nie. Veel vroeër as die Protestantse kerke het Rome sy missionarisse die wêreld ingestuur. Dié ontwikkeling hang nou saam met die feit dat vir meer as 100 jaar die ontdekkingsreise die werk van Portugese en Spanjaarde was. Dié twee volke het 'n eeuelange stryd teen Islamitiese oorheersing gevoer. Uiteindelik is die Mohammedane uit Spanje en Portugal verdrywe en die daaropvolgende ontdekkingsreise het 'n sterk element van vervolging van en teenaanval op die Islam gehad. Die verbreiding van die mag van die Pous was vir die ontdekkingsreisigers 'n baie sterk motief. Die resultaat daarvan moes kompenseer vir die verliese wat hierdie kerkvors in Noord-Europa gely het. Die resultaat van hierdie aksie is tot vandag sterk sigbaar. Suid-Amerika is byvoorbeeld een van die sterkste bolwerke van die Roomse kerk. Nie net dit nie, dit is selfs een van die sterkste bolwerke van die Mariaverering en daar is sterk aandrang om Maria tot mede-middelares langs Christus te verklaar.

Die sending het eers baie later as die Roomse missie op gang gekom, maar het 'n geweldige ontwikkeling ondergaan. Daar is geen landstreek in die wêreld wat die sendelinge afgeskrik het nie. Klimaat, siektes of menslike teenstand het hulle nie verhinder om die evangelie te versprei nie. Saam met die sending het ook die wêreldomvattende Bybelverspreiding op gang gekom.

WêRELDSTRYD

Soos die evangelie verbrei is, het die teenstand daarteen ook gegroei. Weer sien ons dieselfde patroon. Daar is gewelddadige vervolgings waarby dikwels die vrees vir die koloniserende volke agter die sendelinge 'n groot rol gespeel het. Die getalle martelaars was nie so groot dat dit wêreldwye aandag getrek het nie, ook was die plekke waar dit plaasgevind het baie afgeleë vir die Westerse volke. Maar die onbekendheid daarvan moet ons nie laat dink dat dit nie op groot skaal plaasgevind het nie.

Die onderdrukking van die Christendom in die Kommunistiese lande behoort nog sterk in ons herinnering te wees. Nog steeds is in China geen vryheid van evangelieverkondiging en/of Bybelverspreiding nie. Dit is egter nie net politieke sisteme wat die kerk bestry en die gelowiges vervolg nie. Ook dit wat dikwels die ander wêreldgodsdienste genoem word, maak hulle daaraan skuldig. Elke nou en dan is daar weer berigte van Christene in Indië wat oor die geloof vervolg word, in Korea het die Boeddhisme 'n sterk teenoffensief teen die Christendom begin, en al sal dit waarskynlik nie soos enkele eeue gelede daartoe lei dat duisende Christene daar gedood word nie, die teenstand groei. En wat van ons geloofsgenote in talle Islamitiese lande? Die Islam maak graag en kragtig gebruik van die vryhede in Westerse en demokratiese lande, maar waar hulle die mag in hande het, bly daar nie veel oor van die vryhede van die minderheidsgroepe nie.

GROTER GEVAAR

Soos in die verlede is die gewelddadige verdrukking van die gelowiges nie die ernstigste aanslag op die kerk nie. Die vervolgings kan plaaslike suksesse oplewer, maar in die algemeen is die ou uitspraak dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is, ook vandag nog geldig. Die bewaring van die kerk hang egter wel saam met die vastheid van die geloof. Daar waar die Woord slegs oppervlakkig wortel geskiet het, verwelk dit vinnig. Veel ernstiger as die vervolgings is die misleiding van die gelowiges wat uit hulle eie leierskap na vore kom. Die valse profete wat in die naam van Christus die leuen verkondig, het meer slagoffers geëis as hulle wat met geweld gewerk het.

IN AFRIKA

Oor die algemeen staan Afrika nie op die voorgrond as dit gaan oor wêreldaangeleenthede nie. Wat betref ons onderwerp is hierdie kontinent egter 'n sprekende voorbeeld van die veelsydige verdrukking van die kerk. Daar is in Afrika 'n sterk opkomende mag van die Islam. Eeuelank al is dit die heersende godsdiens in Noord-Afrika. Ook langs die ooskus van die wêrelddeel is dit sterk gevestig. Met die ooplegging van die binneland het ook die Islam opgeruk. In ons eie land is daar 'n oneweredige aandeel van Islamiete in die sentrale regering en die invloed daarvan moet nie onderskat word nie. Maar in lande soos die Soedan waar hulle die meerderheid vorm, vind 'n daadwerklike vervolging van Christene plaas.

Ook die politieke weerstand teen die Christendom het vir 'n lang tyd in Afrika 'n belangrike rol gespeel. Op Madagaskar was daar in die laat veertiger jare van die vorige eeu, nog 'n deur die regering geleide vervolging. En in talle ander Afrikalande het die afskud van die koloniale juk ook nadelige gevolge vir die kerk gehad.

Tog word daar nog steeds groot getalle genoem as dit gaan oor die getal Christene in Afrika. By hierdie getalle moet ons wel besef dat Afrika in hoë mate die geboorteplek van die bevrydingsteologie is soos ook van die sogenaamde swart teologie. Die sinkretisme tussen die Christelike leer en heidense praktyke en bygelowe is enorm sterk. Ook in ons eie land is daar honderde swart kerke, wat onder die noemer van Christendom gevang word, maar waar die Woord van God nouliks geken word.

VERDRUKKING?

Ons het ons verhaal begin met die opmerking dat ons in vrede lewe en in vryheid kan vergader. Dit beteken egter nie dat die verdrukking aan ons verby gaan nie. Dit gaan in Suid-Afrika vandag oor presies dieselfde vraag as vir die Christene in Noord-Afrika in die eerste eeue van die kerkgeskiedenis: Is daar nog die innerlike krag om teen die stroom in te gaan, byvoorbeeld op die gebied van die onderwyswetgewing? Wanneer dit wel die geval is, sal die verdrukking openbaar kom en sterker word. Dit mag ons egter nie afskrik nie. Die Here het ons selfs gesê om ons daaroor te verheug (Mat. 5:11,12). Wanneer daar egter geen lewende geloof is nie, dan sal die kerk in die vloedgolf van die verleiding verdrink, ook al sal die statistieke 'n hoë persentasie Christene toon. ¤

VERVOLGING VAN CHRISTENE IN INDONESIë

Ds Yonson Dethan

TEMA: VERVOLGDE KERK

Sommige van u het dalk al gehoor van die vervolging van Christene in Indonesië. Voordat ek uitbrei oor die vervolging, is dit dalk goed om eers te noem dat Indonesië 'n redelike groot land is en dit die vierde grootste bevolking van al die wêreldlande het. Daar woon omtrent 220 000 000 mense in Indonesië waarvan 90% Moslem is (beide gematigde en radikaal). Dit is die grootste Moslemland in die wêreld. Indonesië bestaan uit duisende eilande. Die inwoners spreek meer as 600 verskillende tale en dialekte. Dit veroorsaak baie verdeeldheid en gevolglik kom daar baie oorloë en vervolging voor.

In Indonesië kom daar baie vervolging voor. In hierdie artikel wil ek egter fokus op die plekke waar dit die sterkste is, wat my eie woongebied insluit, naamlik Java, Ambon, Celebes en Timor (Oos en Wes). Ten slotte hoop ek om 'n oplossing te bied oor hoe ons hierdie beproewing van die geloof moet hanteer en gevolgtrekkings vanuit God se Woord te maak.

VERVOLGING IN JAVA

Java is een van die vyf groot eilande (die ander is Sumatra, Kalimantan, Celebes en Irian/Papua). Indonesië se hoofstad, Jakarta, is ook op hierdie eiland geleë. Hier vind ons beide radikaal/ekstremistiese en gematigde Moslems. Daar woon ook Christene, maar hulle is slegs 'n minderheid. Vervolging kom daarom gereeld voor. Baie kerke is al gebombardeer of verwoes deur radikale Moslems. Dit is interessant dat baie van dié wat na die Bali bomaanval van Oktober 2002 gevange geneem is, erken het dat hulle ook in die verlede kerke gebombardeer het. Ek het onlangs gehoor van Moslems wat opgelei is om radikale leiers te wees, maar wat hulleself egter bekeer het en Christene geword het. In hul toesprake het hulle erken dat hulle verskeie kerke gebombardeer het.

Tot op hede is die kerke in Java (beide Protestants en Katoliek) steeds Moslem teikens. In 1992 is daar omtrent 12 kerke gebombardeer met as gevolg dat sommige lidmate en dominees met hul gesinne gesterf het. Sommige van die daders het egter later tot bekering gekom en het Christene geword. Is dit nie wonderlik nie?! As ons dit hoor, word ons herinner aan Tertullianus se ware woorde: "die bloed van die martelare is die saad van die kerk."

VERVOLGING IN CELEBES EN AMBON

In Poso, Celebes en spesifiek Ambon het baie vervolging plaasgevind. Baie Christene is vermoor en kerke verwoes. Die Christene in Poso, Celebes het ewe veel gely as die in Ambon. Daar is huidiglik nog vlugtelinge van Ambon wat getrou ons eredienste bywoon. Hulle het in 2001 by ons kerke aangekom en ons probeer om hulle materieel en geestelik by te staan. Hierdie situasie herinner 'n mens aan dié van die volk Israel - hoe hulle uit die Beloofde Land na 'n vreemde land moes gaan en daar as vlugtelinge moes woon.

'n Mens kan op die internet lees van die vervolging in Ambon en Poso. Dit was vreeslik - mense is geslag, swanger vroue is oopgeskeur voor hul mans se oë, babas is lewendig verbrand, ensovoorts. Toe ons broers en susters van Ambon in Wes-Timor aangekom het, het hulle ons van hulle vervolging vertel. Hulle kerke is gebombardeer en verbrand. Alle mense wat in hul huise gevind is, is vermoor of verkrag. Sommige is voor die oë van hul mans of ouers verkrag. Ander was bang en het op hul huis se plafon weggekruip, maar is toe gedwing om daarvan getuies te wees hoe hul hele gesin uitgemoor is. Universiteitstudente was ook teikens vir vervolging. Die vervolgers het gepoog om hulle te vermoor. Ons broers en susters van Ambon het ons ook vertel hoe hul families opgehang en verbrand is terwyl hulle dit van 'n afstand moes aanskou.

Baie van hierdie mense het na die woud gevlug om hul lewens te red. Ons het gehoor van broers en susters van Saparua en Ambon wat deur vyande onderdak gegee is in 'n groot fabriek. Daar was omtrent 250 mense wat soontoe gegaan het. Dit was egter 'n valstrik. Toe hulle almal binne was is van die mans gevra om een-een uit te gaan op die voorwendsel dat iemand hulle buite nodig het. Hulle het egter nooit teruggekeer nie. Sommige het weggekruip op die plafon en kon hulself red. Ander kon dit egter nie doen nie. Toe daar nie meer baie mans in die fabriek oorgebly het nie het die vyande ingekom en

die meisies en vrouens voor hul mans en ouers verkrag en daarna almal van hulle vermoor.

In die verlede het Ambon as 'n Christelike provinsie bekend gestaan. Dit was vir ons, in Timor, dus 'n groot skok toe ons hierdie verhale hoor. Ons broers en susters van Ambon het aan ons verduidelik dat Ambon in die verlede 'n baie sterk Christelike eiland was. Die Moslems het egter stelselmatig van Java en Celebes oorgekom om handel te dryf; dit was hul strategie. As hulle sien dat daar in 'n sekere distrik slegs 20% Moslems woon terwyl daar 80% Christene is, probeer hulle om hul Moslem vriende, broers en susters te oortuig om na daardie distrik te trek om die bevolking uit te balanseer, en dit 50-50 of ten minste 40% Moslem en 60% Christelik te maak. Wanneer hulle dan eenmaal daardie vlak bereik het, begin hulle met oorlog, oftewel met wat hulle "Jihad" noem - 'n Heilige Oorlog!

Die broers en susters van Ambon het ons vertel dat hulle reeds gepoog het om terug te keer na hul huise, maar hulle kon nie meer daar woon nie, want hul huise is verbrand en die grond is nie meer hul eiendom nie. Of indien hul huise nog wel daar was, is dit nie meer veilig om daar te woon nie. Toe hulle gevlug het, het die vyande bowendien gekom en alles uit hul huise weggedra. Die regering het gepoog om vrede te bewerkstellig maar dit bly vir Christene moeilik om daar te woon.

VERVOLGING IN TIMOR

Die vervolging in Timor is minder erg as in Ambon. Tog was daar ook moeilike tye in Oos-Timor. Die Protestante in Oos-Timor is nie deur die Moslems vervolg nie, maar deur die Rooms-Katolieke. Die Rooms-Katolieke wou alles in hul eie beheer hê. Hulle het nie daarvan gehou dat die Protestante gegroei het nie en het hulle daarom vervolg. Kom ons kyk nou na die vervolging in my eie gebied (Wes-Timor). Ons, as gereformeerde kerke, ervaar vervolging deur verskeie groepe. Die regering het ons kerkverband (GGRC) nog nie erken as 'n wettige kerk vanaf ons ontstaan in 1995 tot vandag toe nie. Dit is nogal interessant dat, alhoewel ons provinsie eintlik Christelik is (die Christene is in die meerderheid), ons kerkverband nogtans moeilikheid ervaar met die owerheid. Ten spyte van al ons pogings om as kerkverband te registreer het ons dit nog steeds nie reggekry nie.

As gevolg van die feit dat ons provinsie Christelik is, ervaar ons egter geen probleme met radikale Moslems nie. Hulle vorm slegs omtrent 20% van die bevolking. Die staatskerk is die grootste en in die meerderheid. Daarom wil hulle alles in hulle beheer hê. Dit veroorsaak altyd baie probleme as ons 'n kerkgebou of 'n skool wil oprig. Vir hulle is dit egter nie moeilik nie. Hulle het toegang tot die regering. Die regeringsposte is in feite in hul hande: die dorp-, distrik-, kerk- en provinsieleiding is alles in die hande van hierdie staatskerk. Dit is dus vir ons nie maklik om met die regering oor ons kerke te onderhandel nie.

Ons kerkverband het ook probleme met ander kerke hier in Timor. In 1995 het daar 'n skeiding in ons kerkverband plaasgevind. Een van die kerke wat ontstaan het is meer charismaties en noem hulself die Gereja Masehi Musyafir Indonesia (oftewel die Indonesiese Christelike Kerk - GMMI), terwyl die ander kerk (ons) gereformeerd gebly het en hulself die Gereja-Gereja Reformasi Calvinis (oftewel die Calvinistiese Gereformeerde Kerke - GGRC) genoem het. Na die skeiding het die GMMI steeds gepoog om ons besittings oor te neem en beweer dat dit aan hulle behoort. Hulle intimideer ons deur middel van briewe en telefoon oproepe, slaan ons en het selfs al gepoog om ons te vermoor. Van ons dominees is al so geslaan dat hulle hospitaal toe moes gaan. Een van hulle het twee tande verloor. Hulle sinodehoof het ook briewe aan die regering gestuur om te vra dat die regering ons kerke nie sal toelaat om eredienste te hou, huwelike te bevestig ensovoorts nie. Hy het ook briewe gestuur aan hul plaaslike kerke om hulle aan te sê om ons kerke te sluit.

HANTEER DIT IN DIE HERE

Noudat ons vervolging gesien het, daaroor gehoor het, en dit self ervaar het, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat daar slegs een manier is om dit te hanteer en dit is in die Here en gebaseer op die Skrif. Die Skrif stel duidelik hoe ons dit moet hanteer:

1. Deur geloof in die Here en in sy Woord (Fil. 1:29; Ef. 2:8,9; 2 Tim. 3:15, Rom. 8:28 en Openb. 1-3);
2. Deur geduld, liefde en hoop op die Here (Jak. 5:10, Rom. 5:3-5);
3. Deur gebed (Ef. 6:17-18; Jak. 5:16-18);
4. Deur lofsang tot eer van God (Kol. 3:16; Rom. 5:3-5).

Ons sou natuurlik graag van julle raad wou kry, maar dit is die oplossing waaraan ons kan dink, en wat ons gebruik, om hierdie beproewing van ons geloof te hanteer.

GEVOLGTREKKINGS

Ons glo dat niks per toeval gebeur nie, ook nie vervolging nie. God is die Een wat alles beheer en regeer, wat mag het oor alles as die Alfa en die Omega. Ons weet dus dat die Here dit toelaat, omdat Hy 'n spesifieke doel daarmee het, soos Romeine 8:28 sê: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."

Ons glo dat die Here deur hierdie vervolging seëninge bewerkstellig, selfs dubbele seëninge. Deur middel van die vervolging word ons as gelowiges getoets en gereinig, sodat ons opgebou mag word vir die verheerliking van God se Naam. Dit herinner ons aan God se Woord in Filippense 1:29: "Omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom

Kaart: Dorling Kindersley Wêreldatlas, 1998.

te glo nie, maar ook vir Hom te ly." Ons dink ook aan God se Woord in 2 Timótheüs 3:12-13, wat sê: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word."

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat vervolging goed is:

1. vir die toets van ons geloof (Fil. 1:29);
2. vir ons heiligmaking (Openb. 2);
3. om ons op te bou; en
4. vir die verheerliking van God se naam (Rom. 11:36).

Ek wil afsluit met God se woorde in die boek Romeine:
"En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Rom. 5:3-5). *"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen"* (Rom.11:36).

NASKRIF

Nadat hierdie artikel geskryf is het Ds. Dethan 'n brief geskryf waarin hy vertel dat die vervolging van die kant van die GMMI tot 'n hoogtepunt gekom het. Op Sondag 28 September 2003 het 'n groep van die GMMI na sy gemeente gekom en gepoog om hul kerkgebou met geweld oor te neem. Ook het hulle 'n brief oorhandig waarin hulle eis dat vanaf die daaropvolgende Sondag, 5 Oktober, die kerk se besittings aan hulle sal behoort. Die gemeente het geantwoord dat hulle dit maar via die hof moet skik. Die hoof van hul sinode het dit egter baie duidelik gemaak dat dit nie die pad is wat hulle sal volg nie. Daar is ook dreigemente gemaak dat Ds. Dethan 'n teiken vir geweld is. Die gemeente het die polisie genader. Die polisie het altwee partye saamgeroep vir 'n vergadering. Die GMMI het egter nie aan daardie oproep gehoor gegee nie, en niemand van hulle het opgedaag nie.

Op 7 Oktober het Ds Dethan laat weet dat die erediens op 5 Oktober goed verloop het. Blykbaar het baie van die GMMI se jong mense opgedaag met die doel om die kerkgebou oor te neem. Hulle is egter deur die aanwesigheid van die groot hoeveelheid polisiemanne afgeskrik. Die hoof van die polisiekantoor het na die erediens 'n toespraak gelewer waarin hy aangedui het dat as enigiemand sou kom om die gebou met geweld te neem, die polisie hulle sou vervolg. As enigiemand die gebou wil opeis moet dit in die hof geskik word, maar dit kan nie net met geweld oorgeneem word nie.

Ds. Dethan het afgesluit met 'n oproep om aanhoudend hul situasie in ons gebede aan God op te dra, omdat daar nog steeds baie onsekerheid en spanning oor hulle toekoms as kerk bestaan.

Ds. Yonson Dethan is predikant van 'n GGRC gemeente in Wes-Timor. Hy het sy teologiese opleiding voltooi in Hamilton, Kanada, by die teologiese opleiding van ons Kanadese susterkerke. Die GGRC is lid van die ICRC en 'n susterkerk van ons Nederlandse susterkerke (GKN-v). Ons Australiese susterkerke (FRCA) het ook noue kontakte met hulle. Ds Dethan se artikel is vertaal deur Willemien Kleyn.¤

MOET CHRISTUS SE KERK VERVOLGING VERWAG?

Ds Rob Visser

TEMA: VERVOLGDE KERK

Omtrent 15 jaar gelede het ek in Kiev 'n broeder ontmoet wat net ystertande in sy mond het. Toe ons vra wat die oorsaak daarvan is vertel hy dat sy tande in die konsentrasiekamp deur soldate uitgeslaan is. Hy was jarelank in die konsentrasiekamp mishandel. Die rede vir sy gevangenskap was dat hy 'n Christen was en Christus se naam vrymoedig in die samelewing bely het.

Hulle wat Christus in daardie tyd vrymoedig bely het, het telkens weer die gevaar geloop om gevange geneem en vir jare mishandel te word. Ons het die broeders probeer bemoedig deur te sê dat ons dikwels vir hulle bid in die kerk. Dat ons dikwels bid dat hulle vryheid mag ontvang. Die antwoord van die broeder met sy ystertande was: "Ons is bly dat julle vir ons bid. Ons bid elke week vir julle wat in vryheid en welvaart lewe, want die Satan gebruik dit as 'n baie sterk middel van verleiding. Ook dit is in die duiwel se hande 'n middel van vervolging." Dit maak 'n mens stil en was 'n ontdekkende antwoord.

Die vraag bly of dit, volgens wat die Gees ons in die Bybel leer, verstaanbaar is dat Christus se kerk in die geskiedenis met geweld vervolg word. Op die vraag wil ek nou antwoord gee.

"EK SAL VYANDSKAP STEL"
Ons praat van Christus se kerk. Dan is dit ook belangrik dat ons dit in die volle betekenis van die woord neem. Dit is dat Christus sy kerk van die begin van die geskiedenis af vergader. Kyk Sondag 21. Vervolging van God se volk is iets wat voor die sondeval nie bestaan het nie. Ons sien die begin daarvan al gou na die sondeval.

Kain slaan vir Abel dood. Die oorsaak hiervan is dat Abel met sy hart die HERE dien en Kain dit nie doen nie. Kain kan dit nie verdra dat die HERE met Abel is en nie met hom nie. Ons sien hier die begin van skeiding van die mensheid in twee groepe. Twee groepe wat in die hele geskiedenis na die sondeval teenoor mekaar sal staan. Die HERE het dadelik na die sondeval gesê dat dit so sal wees tot die koms van die nuwe hemel en aarde. Ons lees dit in die baie bekende gedeelte in Gen. 3:15 waar God vir die slang, wat die Satan is, sê: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt."*

Let daarop dat dit die HERE is wat na die sondeval sorg dat daar vyandskap tussen mense is. Hy is dit wat daarvoor sorg dat hierdie vyandskap tot die dag van Jesus se terugkeer bly bestaan. Dit is vyandskap waarvan die HERE sê: "**Ek** sal vyandskap stel".

Hierdie woorde van God gaan saam met Christus se kerk vir die hele geskiedenis op die sondige aarde. Hierdie woorde maak God se volk **nugter** en **dankbaar.**

Hoekom dankbaar? God se woorde in Gen. 3:15 is woorde van genade en liefde. Wat sou gebeur het as die HERE die mens na die sondeval aan sy eie lot oorgelaat het? Dan sou enige mens met alles wat in hom of haar is vriende van die Satan en die sonde geword het. Dan sou niemand ooit teen sy eie sondige aard opgestaan het nie. Dan was die mensheid in die volkome liefde vir die duiwel en dit wat verkeerd is, verenig. Dan was daar geen enkele lig van redding nie. Vyandskap teen die sonde kom nie vanuit die mens self nie. Die HERE beloof by die sondeval dat hy vir die vyandskap sal sorg. Hy gaan daarvoor sorg dat 'n deel van die mensheid leer om vyandig teenoor die sonde te staan. Dit is dus God se genadige ingryping in die geskiedenis wat vir die vyandskap tussen kerk en wêreld sorg. Vervolging van Christus se kerk in die geskiedenis wys dus ook vir ons dat die HERE trou aan sy Woord van die begin is.

Hierdie woorde maak Christus se kerk ook **nugter**. Christelike nugterheid beteken dat ons nie daaroor verbaas moet wees dat haat en vyandskap Christus se kerk in hierdie wêreld tref nie. Die haat en vyandskap het alles daarmee te doen dat God se volk geen deel van die wêreld is nie. Die Here Jesus sê dit o.a. in Joh. 15:17,18 baie duidelik:

> *"As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle."*

Let daarop dat ons hier ook lees dat die gelowiges die vyandskap, die vervolging ervaar omdat die Drie-enige God in hul lewe ingegryp het. God se ingryping word hier so onder woorde gebring dat Christus hulle "uit die wêreld uitverkies het." Christelike nugterheid beteken dat ons daarop reken dat ons vanweë die volg van Christus in hierdie wêreld vervolg sal word. Paulus skryf aan Timótheüs wat ook weet wat vervolging vanweë Christus beteken: *"Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos. En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus,* ***sal vervolg word****."* 2 Tim 3:11,12

DIE KNEG STAAN NIE BO SY HEER NIE
Dit mag ons nie verbaas dat ons vervolging ondergaan omdat ons Christus se volgelinge is nie. Die Here Jesus maak dit duidelik deur die beeld van heer en kneg te gebruik. Nadat Hy gesê het dat die haat van die wêreld sy kerk sal tref omdat Hy hulle uitverkies het, sê Hy: *"Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg*

het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar. Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van my Naam, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie." Joh. 15:20,21

Dit wat ons hier oor die bewaar van Jesus se woorde en die bewaar van sy volgelinge se woorde lees, is nie positief bedoel nie. Dit gaan daaroor dat die wêreld baie mooi luister na dit wat Christus en hulle wat Hom volg, sê. As hulle dit kan gebruik om Hom en sy kerk te vervolg sal hulle dit doen. So het die wêreld probeer om Jesus op sy woorde te vang en in sy woorde die rede te vind om Hom tot die dood toe te kan veroordeel. Kyk Matt. 26:59-61; Mark. 14:55-59.

Christus se kerk moet weet dat sy nie bo haar Here en Heiland staan nie. Die verlossing deur Hom beteken ook nie dat die gelowiges daardeur op hierdie wêreld vry van vervolging is nie. Ook vir God se volk op aarde is die pad: deur lyding tot oorwinning. Christus het die oorwinning vir sy kerk behaal. Hy het met sy onpeilbare lyding verdien dat God sy volk deur die lyding dra en nooit verlaat nie. Hy het vir sy kerk verdien dat ons ook in tye van swaar vervolging mag weet: *"maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan dra."* 1 Kor 10:13

Die Here Jesus het met sy lyding vir die vervolgde kerk ook die Heilige Gees verdien. As 'n mens aan vervolging dink, kom die gedagte dikwels op dat jy in sulke tye nie in die geloof sal volhard nie. Ons mag juis dan weet dat Christus ook dit vir sy kerk belowe het: "*En wanneer hulle jul sal bring voor die sinagoges en die owerhede en die gesaghebbers, moet julle jul nie kwel oor hoe of waarmee julle jul sal verdedig, of wat julle sal sê nie; want die Heilige Gees sal julle in dieselfde uur leer wat julle moet sê."* Luk 12:11,12

SALIG DIE WAT VERVOLG WORD

Die Here spreek aan die einde van die saligsprekings (Matt. 5:11,12) hulle salig wat vanweë die volg van Hom op hierdie aarde vervolg word. Dit lyk nou baie vreemd. Hoe is dit nou moontlik dat jy gelukkig is as ander mense jou vervolg en beledig? Hoe is dit moontlik dat die Here Jesus dan selfs in vers 12 sê: *"Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het."*

As Christus se kerk vandag vanweë die gehoorsaamheid aan Hom vervolg word, bewys dit dat hierdie kerk in dieselfde lyn as die ware profete staan. Hulle wat nou vervolg word, omdat hulle Christus volg en van Hom op die regte manier getuig, bewys daarmee dat hulle deel van God se ware volk is! Dit is iets om intens bly oor te wees. Dat jy deel van God se verloste volk mag wees. Christus se ware volk kyk naamlik verder as hierdie wêreld. Die oë van Christus se kerk is op Christus gerig wat in die hemel is. Hulle is burgers van die hemelryk (Fil 3:20) en so gedra hulle hul op die aarde. Juis deur hulle op aarde as hemelburgers te gedra, haat die wêreld hulle. Juis deur hulle as hemelburgers op hierdie aarde te gedra, is hulle loon in die hemel vir hulle groot. So groot dat hulle eendag die aarde sal erf en besit. 'n Aarde deur Christus se werk verlos van enige vervolging van sy kerk. Dan mag hulle wat eendag tot die dood toe vervolg is as konings saam met Christus regeer.

Christus se kerk wat tot bloedens toe vervolg word, mag juis dan tot groot troos van die dag van Christus se wederkoms bely: *"Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlikheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie. Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet."* (art 37 NGB) ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

VAN ZUIJLEKOM, AJ: De Heidelbergse Catechismus:
Zondag 1-10: De rijkdom van Gods Vadersorg
Zondag 11-19: De rijkdom van Christus' komst
Zondag 20-24 en 32-33: De rijkdom van de Heilige Geest en het nieuwe leven
Zondag 25-31: De rijkdom van preek, doop en avondmaal
Zondag 34-44: De rijkdom van de wet
Zondag 45-52: De rijkdom van het gebed

Die Heidelbergse Kategismus, 'n ou belydenisgeskrif wat vandag niks meer vir ons te sê het nie? Hierdie ses boeke wat wil bydra tot praktiese geloofsbelewing en vertroue, laat die ander kant sien! Neem en lees en laat die volle rykdom van die Kategismus opnuut harte oopmaak. Prys R94 per deel. 'n Tweedehandse stel in voorraad vir R69,50 per deel.

CD 1402592: Vox Jubilans zingt Psalmen, deel 2 - Die bekende koor uit Waddinxveen sing olv Pieter Stolk. Orrel: Feike Asma, Jan Zwanepol, Klaas Jan Mulder en Jan Mulder. R115

CD 440530: DOELEN-CONCERT – Chr Gemengd Koor 'Deo Cantemus' met medewerking van Chr Gemengd Koor 'Asaf' uit Papendrecht olv Cor de Haan. Komt allen tezamen, Kerstfantasie, en nog 12 ander Kersliedere. R115

ELS CD 001: Jan Elsenaar, bekende orrelis uit Bloemfontein speel op hierdie cd improvisasies op bekende psalms en geestelike liedere. 'Al wat klank het laat dit hoor'. R95

EVANGELISASIEWERK ONDER DIE KRIM-TARTARE

Mariaan Hordijk

ONDERHOUD

Frikkie en Sakina Mulder is ‘n jong Suid-Afrikaanse egpaar wat reeds die afgelope vier jaar sendingwerk doen onder die Moslemse Krim-Tartare in die Oekraïne. Hulle is tans in Suid-Afrika en het onlangs op ‘n sprekersaand van die jeugverenigings in Pretoria opgetree. Die redaksie van Kompas het my gevra om ‘n onderhoud met hulle te voer oor hulle sendingwerk.

Frikkie en Sakina met hul eersteling Esther

Sakina is ‘n vrou met ‘n merkwaardige getuienis. ‘n Mens word aangegryp deur haar verhaal van hoe sy as elfjarige Moslemdogter beleef het hoe haar ma tot bekering gekom het. Hoe haar ma verbied is om haar Christenskap uit te leef, maar tog nie anders kon as om dit met haar kinders te deel nie. ‘n Ma wie se geloof bly groei het, al was haar enigste kontak met die Christelike wêreld ‘n versteekte Bybel en uitsendings van Radio Kansel as sy alleen was. ‘n Ma wat haarself in die bad gedoop het, omdat sy nie ‘n kerk in haar omgewing kon vind wat dit wou waag om ‘n vrou, wat met ‘n Moslem getroud is, te doop nie.

Die optrede van haar ma was vir die Moslemdogter, Sakina, ‘n bron van groot verleentheid. Dit het die verhouding tussen ma en dogter versuur. Tog het die Gees ook in Sakina gewerk, sodat sy op sestienjarige ouderdom, na ‘n evangelisasiebyeenkoms by die skool, radikaal tot bekering kom. Sy het na die voltooiing van haar skoolloopbaan deelgeneem aan ‘n diensjaar vir Christus en het daarna in die Pretoria-omgewing sendingwerk onder Moslems en Hindoes gedoen. Sy is in 1994 in die NG-kerk in Lyttleton gedoop. Dit is eers hierna wat haar pa uitgevind het dat sy ‘n Christen is. Sy moes vir haar lewe vlug. In hierdie tyd ontmoet sy Frikkie se ma en skakel in by hulle Bybelstudiegroep. Hier ontmoet sy hulle seun, Frikkie, met wie sy in 1998 in die huwelik tree.

Daarenteen ontmoet ons vir Frikkie Mulder wat in ‘n Christelike huis grootgeword het. ‘n Frikkie met ‘n predikant-oupa wat sy groot liefde vir sending aan sy kinders en kleinkinders oordra. ‘n Frikkie wat in ‘n huis grootgeword het waar sendelinge van oor die hele wêreld dikwels oornag het en waar evangelisasie lewendig was, onder andere ook deur sy ma se betrokkenheid by Radio Kansel. ‘n Huis waarin daar gereeld gebid is vir sending en evangelisasie. Ons ontmoet ‘n Frikkie wat eers BA-Tale en onderwys studeer het, maar in plaas van om ‘n meestersgraad in Zoeloe te volg, die roeping ervaar om teologie te studeer. Hy voltooi in 1999 ‘n teologiegraad aan die John Wycliffe Theological College en ontvang die beroep om sendingwerk in die Oekraïne te gaan doen.

Frikkie, vertel ons van die gebied waar julle werk?
Ons woon en werk in Simferpol, ‘n stad op die Krim-skiereiland, ten noorde van die Swartsee. Dit is ‘n gedeelte van die Oekraïne. Ons werk onder die Krim-Tartare, ‘n volkie met so 250 000 siele, wat hoofsaaklik Moslems is. In 1944 is hulle as volk in opdrag van die Sowjet-diktator, Stalin, uit die Krim gedeporteer. Veertig persent van die bevolking het gesterf as gevolg van die deportasie. Die pyn en vernedering van hierdie deportasie is tot vandag in die hart van die volk sigbaar. Die Russe wat hulle gedeporteer het, was Russies Ortodoks. Dit het tot gevolg gehad dat die Krim-Tartare ‘n sterk afkeer het aan enigiets Christeliks. Dit vererger die reeds bestaande weerstand teen die Christendom wat gewoonlik by Moslems gevind word. Vir hulle is om ‘n Christen te word, soos om ‘n Rus te word, ‘n verraaier van jou eie volk.

Vertel ons van die werk wat julle daar doen?
Met die oog op kerkplanting, evangeliseer ons veral onder die gesinne van die Krim-Tartare. Evangelisasie moet in ‘n vrienskaplike atmosfeer plaasvind. So het ons nou al kontak met etlike gesinne. ‘n Ouerige Krim-Tartaarse vrou het al op ‘n Sondag een van ons dienste bygewoon. Ons vermoed dat nog ‘n jong man, Siran, tot bekering gekom het, maar hy word waarskynlik verbied om met ons kontak te maak. Sakina het

begin om Engelse lesse aan te bied. Sy het al 18 jong Krim-Tartaarse studentjies wat ywerig probeer om die Engelse taal onder die knie te kry. Sy kan tydens die lesse oor die Here Jesus praat. Sy moet dit egter met groot wysheid doen, want die kinders se ouers is Moslems.

Buiten die direkte evangelisasie-werk, is ons ook betrokke by die vertaling van literatuur. Ons het 'n blaadjie uitgegee met die titel: "Het die Here ook vir die Krim-Tartare gesterf?" Ons was so bevoorreg om een dame te ontmoet wat na aanleiding van die lees van die blaadjie tot bekering gekom het.

Hoe bring 'n mens die evangelie-boodskap aan 'n Moslem?
Dit is seker een van die moeilikste sendingsterreine. Die weerstand teen die Christendom wat 'n mens onder Moslems aantref, is werklik uitputtend. Moslems word van kleins af geleer om hulle te staal teen die Christendom. Hulle sal na jou luister as jy die boodskap bring dat Jesus die enigste weg tot die lewe is. Hulle sal alles bevestig wat jy sê, maar dit dan afrond met die opmerking: "Maar onthou, ons het die laaste profeet."

'n Teks in die Bybel wat seker die duidelikste spreek oor die Moslems is 1 Joh 2:22 *"Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën."*
Die Islam verwerp die gedagte dat Jesus Christus die Seun van God is. Ons, daarenteen, bely dat Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser en Saligmaker is, ons voorspraak by die Vader. Ons moet dus die evangelie van Jesus Christus verkondig. 'n Manier om by die evangelie van Jesus te kom, is om te fokus op die verskil ten opsigte van die siening van die mens. Moslems glo nie in die erfsonde nie. Hulle glo dat 'n verkeerde daad uitgekanselleer word deur 'n goeie. Deur te fokus daarop dat die goeie daad nog nie die hart van die sondaar verander het nie, kom 'n mens uit by die konsep dat jou hart vuil bly, dat jy vuil is, dat jy een en al sonde is. Jy kan jouself nie daaruit red nie. Jy het 'n redder nodig: Jesus Christus.

Iets wat ons duidelik moet besef, is dat Christendom en die Westerse kultuur vir Moslems sinonieme is. As die Weste dus huwelike tussen mense van dieselfde geslag toelaat, sien die Moslem dit as 'n eienskap van die Christendom. As ons uitlokkende klere dra, sien die Moslem dit as 'n eienskap van die Christendom. As ons nie meer respek het vir ons ouers en ander gesagsfigure nie, sien die Moslem dit as 'n eienskap van die Christendom. As ons onsself te buite gaan aan rook en drank, sien die Moslem dit as eienskap van die Christendom. Ensovoorts. My vraag aan jou vandag is dit: "Watter eienskappe van die Christendom sal 'n Moslem in jou lewe sien?" Dit het nie veel waarde as ek as verteenwoordiger van die kerk gaan sendingwerk doen en ons vertoon die bogenoemde eienskappe nie.

Hoe kan 'n Christelike samelewing wat toenemend deur sekularisasie verswak word, nog sendingwerk doen?
As daar ooit 'n tyd in die geskiedenis van die kerk was dat daar helde vir die kruis van Christus nodig was, is dit nou. Jong mense wat sê: "Here, ek is bereid om U te dien met alles wat ek is en het. Ek is bereid om soos Daniël die doodstraf opgelê te word in my diens aan U."

Ons moet die Here dien deur die Woord, wat hy aan ons geopenbaar het, suiwer te hou. Maar dan moet ons nie elkeen met ons boekie in 'n hoekie gaan sit nie. Nee, ons moet die waarheid uitbasuin. Dit is tyd dat ons die luidsprekers moet aanskakel en die Woord van die Here oor die aarde moet laat weergalm. Ons moet elke geleentheid aangryp om die Naam van die Here te verdedig, om die aanslae wat daar teen die betroubaarheid van sy Woord gemaak word, af te weer. Daar is 'n groot behoefte aan Afrikaanse literatuur wat die suiwer leer van die skrif benadruk. Ons moet daaraan bly werk om die literatuur beskikbaar te stel, verkieslik kosteloos. Hou seminare, sorg dat iets soos "Die institusie van Calvyn" op 'n webwerf kom, ens., ens. Maar sorg veral dat jou lewe 'n weerspieëling is van dit wat ons uit die Bybel aan 'n Moslem wil leer.

Hou die Islam 'n gevaar vir Christene in?
Die Islam hou 'n gevaar vir die hele wêreld in. Die Islam bely dat jy oorlog moet maak om die Islam uit te brei. Ons sien vandag etlike van hierdie oorloë. Gebiede wat vroeër Christelik was, soos bv. Noord-Afrika, word nou oorheers deur Moslems. Tog glo ek die Christen se grootste vyand vind hy in homself. Die mens wat homself tot sy eie God wil verhef, wat sy eie wense bo die verordening van God wil stel, hou na my mening die grootste bedreiging vir die Christendom in.

Hoe lyk julle toekomsplanne?
Ons hoop om in Maart 2004 terug te keer na die Krim. Ons wil graag ons werk daar gaan afrond. As die Here dit so beskik, wil ons die werk aan 'n opvolger oordra sodat ek my teologiese studies kan afrond. Daarna hoop ons om weer in Suid-Afrika te kan werk aan die verkondiging van die suiwer evangelie van genade.

Ten slotte
Ek en Sakina het 'n groot liefde vir die gereformeerde leer. Ons het ook 'n groot bewondering vir die sendingwerk wat die VGKSA bedryf. Om 'n gesamentlike kerkverband op te rig was beslis die regte stap om te neem. In hierdie dinge moet ons nie gelei word deur menslike gevoelens en politiek nie, maar deur wat die Here aan ons in sy Woord openbaar.

Die redaksie van die Kompas bedank Frikkie en Sakina vir hulle bereidwilligheid om hulle werk met ons te deel. Ons bid die Here se seën toe op die werk wat julle doen. Soli Deo Gloria.

BRONNE:

1. Persoonlike onderhoud met Frikkie en Sakina op 16 Oktober 2003.
2. Klankopname van 'n optrede van Frikkie en Sakina tydens 'n sprekersaand in die kerkgebou van die VGK-Pretoria op 7 Oktober 2003.
3. Frikkie en Sakina Mulder. *Evangeliseren in de Krim*, Tot aan de einden der aarde, 28e jaargang, April 2003, p.18-19. ¤

OEFENING IN DIE GODSVRUG

Ds J van der Linden

LEER EN LEWE

Hoe baie mediteer u? Klink miskien soos 'n vreemde vraag, want meditasie is altyd iets wat ons aan die Oosterse godsdienste verbind. Tog is dit iets wat die Here aan ons as gereformeerdes opdra. Ons lees byvoorbeeld in Psalm 119: "Ek oordink u bevele" (vers 15). Met hierdie oordenking word dan 'n tipe meditasie bedoel.

Die grondhouding van ons lewe moet wees om te luister. Hieraan het ons vorige keer aandag gegee. Martha wat aangespreek is omdat sy nie soos Maria gelowig geluister het nie (Lukas 10:38-42). Sy was besig met baie dinge, selfs belangrike dinge. Sy wou die Here met al haar ywer en gawes dien. En tog het sy daardie een noodsaaklike ding gemis: Sy het nie begin deur te luister nie. In hierdie artikel wil ons stilstaan by die praktyk van hoe ons moet luister.

BY DIE EEN OOR IN…

Hoeveel onthou u van vorige week Sondag se Woordverkondiging? Hoeveel onthou u van wat u twee dae gelede aan tafel gelees het? Miskien is dit nie so eerlik om sulke vrae te vra nie. Tog gaan dit by hierdie vrae oor die kern van wat die Here ons in twee gedeeltes van sy Woord leer. Ons lees in Psalm 119: "Ek het u Woord in my hart gebêre" (vers 11) en hierop volg dan: "Ek wil u bevele oordink" (vers 15).

Hier wys die Here ons op intensiewe omgang met sy Woord. As daar een ding is waaroor ons altyd nog sterk gevoel het, is dit die saak dat ons intensief met die Woord wil omgaan. Ons beklemtoon die belang van goeie Skrifuitleg in die preke. Die betrokkenheid by Bybelstudies is wesenlik deel van ons lewe in die gemeente. Ons kinders word van kleins af in die Bybel onderrig. Hiermee saam het ons die (goeie) gewoonte om aan tafel saam uit die Woord te lees. En al hierdie dinge is waarlik gawes van die Here wat ons nooit mag prysgee nie!

Die vraag is wel of ons altyd daarmee die doel bereik soos wat die Here in die bostaande twee tekste uit Psalm 119 aangee. Is ons genoegsaam besig om te bewaar en te oordink? Of dreig die gevaar ook baie keer by ons, soos die spreekwoord sê: By die een oor in en by die ander weer uit?! Miskien het daar, sonder dat ons doelbewus daarvoor gekies het, tog 'n verkeerde praktyk by ons gegroei in die manier waarop ons met die Woord van die Here omgaan.

KONTEKS

Ons kan die situasie van die digter in Psalm 119 nie direk toepas op ons lewe vandag nie. Die digter het in 'n tyd geleef dat hy nie self die Woord van die Here besit het nie. Basies het net die priesters, leviete en die koning dit op skrif gehad. Dit was dan ook hulle wat die opdrag gehad het om die volk te onderrig, veral die priesters en die leviete. Die Skrif moes gelees en dan uitgelê word, net soos by ons in die erediens vandag. Dit was waarmee die kinders van God moes regkom vir minstens 'n week. Dit was hulle enigste

konfrontasie met die Woord van God vir 'n hele paar dae. Vir eeue het God se kinders so geleef, sonder om self die Woord van die Here te besit.

Maar in baie opsigte was dit vir hulle ook meer as genoeg! Want nadat hulle God hoor spreek het in die lees en verkondiging van sy Woord, het hulle baie gehad wat hulle nog met die Woord moes gaan doen. Dít is dus wat die digter van ons psalm hier wil aangee: Hy het die Woord weer een keer gehoor vir 'n paar dae, maar dit hou hom permanent besig! Want dit moet gebêre en oordink word!

Vandag is ons baie ryker as hierdie kinders van die Here in die verlede. Ons het ons eie Bybel om God se Woord te lees. Maar wat ons verryking moes wees, het in baie opsigte ons armoede geword. Want word daar by ons nog so intensief gewerk wanneer God op 'n geleentheid met ons gepraat het?

BEWAAR IN DIE HART

Miskien kom die vraag op of dit wel nodig is om vandag nog so intensief met die Woord om te gaan, veral omdat ons baie meer kere met die Bybel te doen kry.

Die gelowige digter van ons psalm wil God se woord in sy hart bêre. Hy besef baie goed wat die kern is wanneer God sy volk opsoek en met hulle kom praat in die Bybel: God soek sy hart! Dit gaan in sy omgang met God se Woord nie oor een of ander magiese handeling wat outomaties gebeur nie. Ook nie in die eerste plek oor iets interessants of nuuts wat hy nou moet byleer nie. Dit gaan vir God daaroor dat hy sy kind weer diep in die hart sal tref! God wil weer sy hart verower met sy indringende stem!

Daarom dat die gelowige die Woord ook in sy hart wil bêre. Hy wil dit daar gaan bêre waar die skat van sy lewe tuishoort. Aangesien die hart die plek is waar dinge vir my leef en waar my begeertes woon, wil die gelowige die Woord van God daar vasmaak. So kom dit nie op die "vergeet-rak" nie. So is my lewe met God nie meer oppervlakkig nie.

Hierdie teks uit Psalm 119 dring vrae by ons op. As God klaar gespreek het en ek sit die Woord weer op die rak, het ek dan die Woord in my hart gebêre? Want dit is die plek waar God se Woord bewaar moet word! Nie op die rak nie, maar in my hart!
As God tot my gespreek het in die kerk of by die huis, waarvan getuig my dade: Dat God dit tog môre weer sal doen, of dat ek hierdie woorde as onbetaalbaar beskou en diep in my hart daarmee besig is? As God direk met my gespreek het, hoeveel keer gee ek hierdie woorde net so oor aan die Satan, dat hy my van hierdie skat kan beroof? Dat hierdie skat dus geen permanente plek in my lewe kry nie?

Daarom juis, elke keer as God tot my spreek: bewaar, herhaal, hou vas, koester, versorg, bewaak! God se Woord is 'n magtige wapen. Nie as ek dit onder die arm ronddra nie, maar wanneer ek dit in my hart ronddra. Alleen so word dit 'n krag in en vir my lewe!

BELOFTE EN OPDRAG

Hierdie opdrag wat God ons gee om sy Woord in ons hart te bêre, staan in die konteks van sy beloftes. Want God het belowe om sonder ophou tot ons te spreek. Hy spreek sy Woord wat diep kan tref, wat dring tussen die skeiding van siel en gees en tussen gewrigte en murg (Hebreërs 4:12).

Dit is die Gees wat die Woord spreek, dieselfde Gees wat aan ons belowe is om ons harte nuut te maak. Hierdie belofte maak die Here baie duidelik in die boek Jeremia.

In Jeremia 17:1 hoor ons dat die sonde van God se volk met 'n ystergriffel en 'n diamantpunt op die harte van die volk geskrywe staan. Die sonde is diep ingeskryf in die harte van God se volk.
Maar dan kom die Here later (in Jeremia 31:33) met die belofte dat Hy sy wet op hulle hart sal skrywe. Dit is 'n belofte van God dat Hy sy woorde in ons hart sal skrywe! Hierdie opdrag van Psalm 119 gaan daarom ook nie oor allerlei toertjies wat ek moet probeer doen, waardeur die Woord in my hart kom nie. Nee, dit begin deur te glo wat God met my wil doen wanneer Hy tot my spreek. Hierdie geloof wys ek dan ook deur te gehoorsaam en intensief met sy Woord om te gaan.

My ingesteldheid, die tyd wat ek afstaan en die manier waarop ek luister, daarmee wys ek of ek werklik glo dat God sy woorde in my hart sal skryf. Sy belofte dring my: Hy beloof om sy Woord diep in my hart te skryf. Dieper as die sonde wat met 'n diamantpunt daarin gegrif is!

Wie kan nou nog praat oor oppervlakkigheid in die lewe met die Here?!

(Ons hoop om DV volgende keer aandag te gee aan die oordenking van God se Woord en om daarmee saam ook stil te staan by die praktiese invulling van ons omgang met God se Woord.) ¤

Intekengeld 2004

Die administrsie wil graag die nuwe tariewe vir 2004 onder u aandag bring.
Besonderhede is op bls. 2 vermeld

WAAG DIT OM ‘n BRUGBOUER TE WEES

Ds. Dirk M Boersma

EVANGELISASIE

Hulle woon reg langs jou. Ken jy hulle? Ons almal het hulle: bure. My bure het omtrent drie weke gelede ingetrek. Ek het die kinders dikwels buite sien speel, maar die ouers net ‘n paar keer gesien. Sedert hulle ingetrek het, het hulle nie gretig gelyk om hulle buurman te ontmoet nie. Miskien moet ek dit maar so laat.

Nee, wag. Ek is op ‘n sending. Nie as dominee nie, maar as ‘n Christen. Hierdie aarde is Jesus se terrein, en Hy het ons uitgestuur om die evangelie bekend te maak. Dit is nodig dat meer mense sy dissipels word en aan Hom gehoorsaam is. Ek is ‘n getuie. Jy is ‘n getuie. Sy instrument in hierdie wêreld.

Nou raak dit moeilik. Hoe is jy veronderstel om dit te doen? Jy weet waarskynlik dat baie mense dit nie waardeer as jy sommer met hulle oor geloof begin praat nie. Dit smoor die gesprek. Hulle voel jy wil hulle bekeer. En hulle het waarskynlik vele redes waarom hulle wegbly van die kerk en die Christelike geloof af.

So, hoe gaan jy dit doen? Hou jy die gesprek op die vlak van so af en toe, “Hallo, hoe gaan dit?” en “Dit is warm (of koud), nê?”. Jy is bang om dit te oordoen. Maar terselfdertyd voel jy skuldig, want jy moet met hulle oor Christus praat.

Ek is besig om ‘n interessante boek te lees wat jou hiermee kan help: *“Inside the mind of unchurched Harry and Mary. How to reach friends and family who avoid God and the church.”* Dit is geskryf deur ‘n joernalis wat eers ‘n ateïs was, Lee Strobel.

Ek veronderstel Gereformeerde mense lees nie gewoonlik “Hoe om te….”-boeke nie. Maar hierdie is nie die gewone “Hoe-om-jou-huwelik-in-60-minute-te-red”-boek of die “Vyf-stappe-vir-‘n-sinvolle-gesprek”-gids nie. As iemand wat self ‘n kerkvermyder was, ‘n intellektuele persoon wat gedink het Christelikheid is onsin, is Lee Strobel bekeer tot God. Nou leer hy ons iets oor hoe onkerklike Harry en Mary, jou gemiddelde bure, dink. Aangesien die meeste van ons in die kerk grootgeword het, is dit iets wat ons kan gebruik om die mense te verstaan waarmee ons gaan praat en jy hulle sal volg voor jy jou oë kan uitvee.

RED HULLE?

Waag dit om ‘n held te wees wat ander mense red – dit is een van die stellings wat hy maak. Jy glo dat ongelowiges die ewige dood in die gesig staar, nie waar nie?

As jy hulle help met iets wat hulle nodig het, sal hulle dit beslis waardeer: sneeu opskep, miskien ‘n voorskrif gaan haal, hulle by die lughawe aflaai, sekerlik. Maar die probleem is dat hulle blykbaar nie enige hulp op geestelike gebied verlang nie. Harry wil nie gered word nie. Anders as “Superman” wat verskyn sodra mense om hulp roep, kan jy nie die deur platstoot in ‘n poging om jou bure, vriende of kollegas te red nie.

Ons moet eerder tyd neem om hulle te leer ken, en opregte belangstelling toon. Jy bou nie daardie verhouding net omdat jy hulle wil bekeer nie, maar die verhouding, asook die deel van die evangelie, moet spruit uit opregte belangstelling en liefde. Dit is omdat jy soveel vir die ander omgee, dat jy wil hê hulle moet Christus vind.

WAAG DIT OM ‘n BRUG TE BOU!

Die stap wat jy moet neem, is om hulle te ontmoet waar hulle is. Wat daarvan om meer tyd te spandeer saam met die verlore mense wat jy ken, in plaas daarvan om altyd net met kerklidmate te sosialiseer? Jy sal waarskynlik gemakliker voel tussen mense wat net soos jy glo, en jy mag selfs (net soos ek) grootgemaak wees met die idee dat ongelowiges jou kan beïnvloed

Maar het jy nie intussen gegroei nie? Is jy nie ‘n volwasse gelowige nie? En het jy nie die Gees van Jesus Christus, wat jou help om op die regte spoor te bly, ontvang nie? Ons moet nie so bang wees vir die wêreld nie, maar besef dat ons koning, Jesus Christus, ons uitstuur.

Dit is in daardie daaglikse en algemene verwantskappe wat ons die geleentheid sal vind om die gesprek op ‘n ander vlak te plaas, en die dinge te bespreek wat werklik saak maak. Ons stuur sendelinge uit na ander lande, want daardie mense is te ver weg en hulle taal en kultuur is nie vir ons almal toeganklik nie. Maar ervaring in evangelisasie toon dat mense kerk toe kom omdat hulle iemand in die kerk ken, wat geduldig en liefdevol genoeg was om ‘n verhouding op te bou, en waaghalsig genoeg was om hulle te nooi.

GRYP DIE GELEENTHEDE AAN

Maar nou kom jy by die volgende hekkie. Jy mag bang wees om inbreuk te maak op hulle privaatheid; om te hard te druk en op so ‘n ooglopende manier oor Jesus te praat, dat hulle wegskram. Harry wil nie gedruk word nie, maar ernstig opgeneem word. Neem tyd om daardie verhouding op te bou. En wag tot God die tyd en die manier aantoon vir ‘n geestelike gesprek. Wanneer daardie oomblik aanbreek, moet jy dit ook aangryp. Moenie dat dit verbygaan omdat jy bang is nie, moenie veilig speel en die kwessie vermy nie.

Die meeste van ons sal waarskynlik meer berou hê oor onbenutte geleenthede om die evangelie te deel, as oor oomblikke van verleentheid wat ons ervaar het, of gevrees het, toe ons voortgegaan het om daardie geleenthede te benut.

Wanneer jy daardie brug bou, het jy ook die durf nodig om dit oor te steek en die gesprek te rig op geestelike aangeleenthede soos die geleentheid hom voordoen. As jy regtig wil hê dat die persoon gered moet word, is dit nodig om op een of ander stadium vir hom te vertel van die enigste weg tot redding is. En as jy luister en die mense leer ken, sal jy 'n verhouding bou waarin dit waardeer sal word as jy die betrokke kwessies aanraak. Aangeleenthede sal bespreek word, Mary sal 'n opmerking maak, Harry sal skielik 'n vraag vra, en op daardie oomblikke moet jy gereed wees om die geleentheid aan te gryp en die insig te deel wat jy uit die Bybel verkry het.

Aangesien ons almal mense is, deel ons baie dinge met ongelowiges, alhoewel jy dalk nie so mag dink nie. Mary maak ook kinders groot en is bekommerd oor hulle soos hulle ouer word; Harry tob ook oor sy selfrespek en het probleme by die werk.

Die vraag is: het jy oor hierdie alledaagse kwessies nagedink en kan jy dit wat jy uit die Bybel geleer het, in 'n paar sinne opsom, só dat Mary dit kan verstaan? Kan jy aan Harry vertel hoe jy jouself sien vandat jy verstaan hoe God jou aanvaar? En kan jy dit op 'n natuurlike wyse uitdruk, sonder om moeilike woorde te gebruik wat hulle nie ken nie?

KRY DIE OPLEIDING

As jy begin om op 'n geestelike vlak te gesels, sal die oomblik aanbreek wanneer jy hulle moeilike vrae sal moet beantwoord, hulle huiwering om kerk toe te gaan sal moet aanspreek en hulle weerstand teen God sal moet bestry.

Miskien is jy bang dat jy nie al die antwoorde sal hê nie. Dit is die rede waarom God ons 'n plek in die kerk gegee het. Hier ontvang jy onderrig, om jou toe te rus, nie net vir jou eie diens aan God nie, maar ook om dit te deel met Harry en Mary. Jy kan die gemeenskap in die kerk vir hierdie doel gebruik: om mekaar te ondersteun in hierdie moeilike taak van aanklank vind by Harry en Mary. Deel ondervindings, vra vrae, soek saam na antwoorde, en bid vir mekaar en vir daardie verlore vriende. Die kerk is nie net 'n plek waar ons 'n geestelike tuiste vind nie; dit is ook die opleidingsterrein vir ons taak in die wêreld. Sou dit nie opwindend wees om daaroor te praat met ander kerklidmate wat voor dieselfde uitdagings staan nie? Julle gesprekke sal ongetwyfeld diepsinniger en meer betekenisvol raak. Julle sal vreugde daaruit put om saam die Skrifte met nuwe passie en ywer te ondersoek. En jy sal die bevrediging daarvan smaak om deur God gebruik te word om ander na Christus te lei.

Hierdie artikel het in Julie 2003 in die Manitoba Church News van die Canadian Reformed Churches verskyn. Die Afrikaanse vertaling word met die outeur se toestemming in Kompas gepubliseer. ¤

ICRC SENDINGSKONFERENSIE IN LUBUMBASHI

C Roose

VERSLAG

Het u geweet dat volgens statistieke 95% van die Demokratiese Republiek Kongo se bevolking Christene is? As u dit lees wonder u natuurlik hoe dit dan moontlik is dat hulle mekaar soos barbare vermoor. Die vraag het aan die orde gekom by die bespreking van een van drie onderwerpe wat in die ICRC Sendingskonferensie behandel is.

Die Vrye Gereformeerde Kerke se sinodes benoem elke keer deputate vir verskillende sake. Een van die permanente deputaatskappe is die deputate BBK (Betrekkinge met Buitelandse Kerke). Een van die opdragte vir BBK is om "die moontlikheid van kontakte met kerke van gereformeerde agtergrond in Afrika te ondersoek, waar moontlik in samewerking met susterkerke en ICRC–lidkerke" (Hand. Sinode 2002, art. 42 punt 1h, bl. 49).

Na aanleiding van dié opdrag is besluit dat BBK twee afgevaardigdes sou benoem om die Sendingskonferensie in Lubumbashi by te woon. Die Sendingskommissie het ook besluit dat Ds. Magagula van ons susterkerk in Soshanguve-Noord daar behoort te wees. En so het ek saam met Di de Visser en Magagula op Maandagoggend 22 September van Johannesburg Internasionale Lughawe na Lubumbashi vertrek as verteenwoordigers van die VGKSA.

Soos die meeste lesers waarskynlik weet is sendelinge en medewerkers van "De Verre Naasten" van ons Nederlandse susterkerke, die GKN(v), betrokke by sending, teologiese opleiding en hulpaksies in die omgewing van Lubumbashi.

DEELNEMENDE KERKE

Die organiserende kerk was die Eglise Réformé Confessante de Congo (ERCC) en die sendelinge en DVN werkers van die GKN(v) het hulle daarby ondersteun.

Verder was daar verteenwoordigers van die volgende kerke.
Suid-Afrika: GKSA, GKSA/NGK(Ned) sendingskerke in Kwazulu-Natal, VGKSA.
Zambië: die Free Church in South Africa.
Benin: die Eglise Réformé Confessante de Benin.
Togo: die Eglise Réformé Confessante de Togo.
Kerke van Kameroen, Eritrea, Kenia en Uganda was ook genooi maar hulle het nie opgedaag nie.
Verder was daar afgevaardigdes van die Sendingsdeputate van ons Nederlandse susterkerke en medewerkers van DVN.

Die konferensie is deur meer as 50 afgevaardigdes bygewoon. Al die verteenwoordigde kerke het geleentheid gehad om hulle kerke bekend te stel. Oor die algemeen het ons van die kerke buite Suid-Afrika 'n prentjie gekry van kerke wat worstel om regtig gereformeerd te wees in 'n meer of minder vyandige omgewing. Gewoonlik is daar gekla dat dit 'n probleem is om die aantrekkingskrag van die 'charismatiese" kerke te weerstaan.

Ook is die onderhoud van predikante 'n probleem weens geldgebrek. Die verteenwoordiger van Togo het 'sy' kerk getipeer met die bekende getal uit die Bybel: 144 000. Die syfer 1 staan vir die een predikant wat hulle het, die eerste 4 vir die vier gemeentes, die tweede 4 vir die vier sendelinge uit Nederland en die drie nulle beteken dat hulle verder niks het nie.

ONDERWERPE

Prof. JM Vorster van Potchefstroom het 'n lesing gehou oor "A Christian Reformed perspective on religious pluralism in Africa" ('n Christelike, gereformeerde perspektief op religieuse pluralisme in Afrika). Kommentaar op die lesing is gelewer deur Dr. PJ Buys wat by ons bekend is van die Mukhanyo Teologiese opleiding waarby ons sendelinge ook betrokke is.

In hierdie lesing is veral aandag gegee aan die gevolge van interaksies tussen verskeie religies in Afrika. Daar is verwys na die invloede van die Islam wat veral vanuit die Noorde inbeweeg het. Ook die invloed van kolonialisme en van die Christendom wat vanuit ander rigtings in die vasteland versprei het. Die effek van globalisering, verbeterde kommunikasiemetodes soos Internet, en intensiewer kontakte tussen verskeie kulture in Afrika het volgens die spreker ook 'n groot invloed op die interaksies tussen verskillende religies in Afrika.

Statistieke oor die ontwikkeling van verskeie godsdienste het aangetoon dat die Christendom die godsdiens is wat in Afrika die vinnigste groei. Vir my, as een van die min nie-teoloë by die konferensie, was dit verstommend om te hoor dat die aantal Christene in Afrika van 9% van die totale bevolking in 1900, toegeneem het tot 46,4% in 2000. Interessante inligting was ook dat in die jaar 2000 nog slegs 9% van die totale bevolking van Afrika die tradisionele religies aangehang het. As 'n mens sulke syfers sien dan wonder jy waarom ons nog sendelinge uitstuur. Teen die agtergrond van dié statistieke het die titel van die volgende lesing ook nogal teenstrydig geklink.

CHRISTENDOM IN AFRIKA

Die volgende onderwerp was "Why Christianity doesn't succeed to take roots in Africa" (Waarom raak die Christendom nie in Afrika gewortel nie).

Hierdie lesing was van Dr PM Mpindi, 'n gebore Kongolees wat deesdae in Amerika bly en vandaar radio evangelisasie programme vir Afrika versorg. Die werk het hy oorgeneem van die bekende Ds Kayayan wat die instrument was vir die ontwikkeling van gereformeerde kerke in die DRK. 'n Reaksie op hierdie lesing is versorg deur Ds. Kayayan (junior).

Dr Mpindi het die oënskynlike teenstrydigheid nog meer beklemtoon deur na statistieke van die DRK en Rwanda te verwys. Volgens dié inligting is 95% van die bevolking van die DRK, en 81% van Rwanda se bevolking, Christene. En dan sê hy verder (my vertaling, CR): "Dié statistieke moet vir ons hartverwarmend wees. Ongelukkig is dit nie die geval nie. Waarom is daar in die DRK, 'n land met 95% Christene, soveel wanorde en chaos? Waarom is VIGS pandemies in 'n land met 95% Christene, waarom bly allerlei soorte korrupsie voortbestaan? Waarom het Rwanda – 'n land met 80% Christene – deur 'n volksmoord gegaan? Wie het die rassehaat aangehits? Wie het die machetes hanteer? Was die meeste van hulle nie Christene nie? Om nie te praat van ….. al die ander Afrikaanse lande, waar die meerderheid Christene is, maar

Groepsfoto van die deelnemers aan die konferensie

waar die daag-likse lewe 'n hel is. Hoe verklaar ons die gelyktydige dominansie van die Christendom en die wanorde in al die lande?"

Inderdaad baie indringende vrae wat tot 'n baie lewendige bespreking aanleiding gegee het. Dr Mpindi het die probleem verklaar deur te stel dat die meeste van die 95% Christene nie werklik Christene is nie en hy het verskeie redes genoem waarom die mense tot die Christendom 'bekeer' is. Hy het verwys na die tydperk waarin die eerste sendelinge in Afrika aangekom het en hoe die mense van Afrika dit ervaar het. Hy het verduidelik dat hulle drie soorte witmense van dieselfde skip sien kom het: soldate, smouse en sendelinge (in Engels die drie M's: military, merchants and missionaries). En volgens hulle persepsie het al drie vir dieselfde doel gekom en wel om hulle te onderwerp. En omdat die indringers baie sterker was as hulle, het hulle hul laat onderwerp. So het hulle Christene geword om hulle oorlewingskanse te versterk. Maar dit het bitter min met 'n geloofsoortuiging te doen gehad en in die praktyk het hulle met hulle heidense praktyke voortgegaan. Baie sendelinge het, volgens Dr Mpindi, ook nie op werklike bekering aangedring nie. Die gevolg was dat die mense in werklikheid heidene gebly het. Dit is blykbaar tot vandag toe nog steeds tot 'n groot mate waar. 'n Baie interessante bespreking het gegaan oor die vraag of 'n mens mag bid om herstel van gesondheid as iemand siek is. Vir ons is dit waarskynlik nie 'n vraag nie maar teen die agtergrond van die tradisionele Afrikaanse religie het dit blykbaar meer konsekwensies as wat ons besef.

In die Afrikaanse godsdiens is dit so dat die godewêreld en die tussengangers (soos voorouers) daar is om die aardse lewe so aangenaam moontlik te maak. Met ander woorde, die godheid is daar om die mense te dien. 'n God wat nie jou siek kind gesond maak nie, is dus nie 'n goeie god nie. 'n Werklike Christen glo egter dat God wel sy siek kind gesond kán maak, maar dit nie altyd sal doen nie omdat Hy ander planne met ons kan hê. Want God is nie daar om ons te dien nie, maar ons is daar om Hom te dien.

Dit was hartverwarmend om op te merk hoe baie van die aanwesiges wel die onderskeid raakgesien het en ook duidelik teen die verkeerde orde van die Afrikaanse religie gekies het. Die gevolg was egter dat daar 'n huiwering was om te erken dat jy wel vir die herstel van jou siek kind mag bid. Teen dié huiwering het die spreker sterk beswaar gemaak deur te stel dat Christus 'n holistiese (alomvattende) Christus is. Die Heer van alle aspekte van ons lewe.

GOD SE REGSAAL

Die laaste onderwerp: "Witnessing Christ according to Scriptures is bringing the world into God's Court" (Deur volgens die Skrifte van Christus te getuig word die wêreld in God se regsaal gebring), is ingelei deur Drs CJ Haak van Kampen, Nederland. Kommentaar op hierdie lesing is gelewer deur Dr B Wielenga, oud-sendeling in KwaZulu-Natal, van die Nederlandse NGK in samewerking met die GKSA.

Drs Haak het in die lesing aangetoon dat die manier waarop in die Bybel van Christus getuig word, 'n duidelike riglyn is vir die manier waarop die Evangelie vandag verkondig moet word. Hy het na verskillende Bybelse situasies verwys waarin vir Christus spesifieke name gebruik word wat in dié besondere situasies provokerend en konfronterend was. Vir die Jode is Hy as "Here en Christus" verkondig. Juis dit wat die Joodse leiers heftig ontken het. Vir Romeinse burgers is Hy verkondig as die Koning van die Konings teen die agtergrond van die verering van die Romeinse keiser as 'n god. Die konsekwensie is dus dat die hoorders gedwing word om 'n keuse te maak. Dis of die een of die ander. Maar nie altwee nie.

So moet, volgens Haak vandag ook gepredik word. Ook in Afrika. Geen ruimte vir tradisionele Afrikaanse – of ander religies wanneer die Evangelie verkondig word nie. Dwing die mense om te kies, vir of teen Christus. En die wêreld en sy bewoners sal hulle moet verantwoord oor hulle keuses in God se regsaal.

EVALUERING

Vir my as deputaat BBK van die VGKSA was daar een teleurstellende aspek. Die BBK se beleid is naamlik om kontakte te soek met Engels-sprekende kerke in Afrika. Die enigste Engels-sprekende afgevaardigdes was egter van die Suid-Afrikaanse kerke en een afgevaardigde van Zambië. Die res het Frans gepraat. Daar was egter voorsiening vir tolke gemaak en dit het goed gewerk.

Verder niks anders as lof vir die manier waarop die konferensie gereël was en ook vir die betrokkenheid van amper alle aanwesiges. Dit was 'n besondere ervaring om tuis te voel tussen mense van sulke verskillende kulture en om te besef dat dit moontlik was op grond van ons gemeenskaplike geloof in Christus, wat bo kultuurverskille uitgaan.

As 'n mens kennis neem van die worsteling van hierdie 'jong' Christene om van die tradisionele religies los te kom, besef jy ook weer wat 'n groot voorreg dit is om in gereformeerde gesinne te kan opgroei en om in gereformeerde skole onderwys te kan ontvang. Dit is ook 'n groot voorreg om iets te sien van God se almag wat in menslike swakheid volbring word. Ondanks die mag en suigkrag van die ou heidendom, ondanks swakhede van sendelinge en hulpverleners, is daar mense wat werklik uit oortuiging Christene word. Dit is nie mensewerk nie. Dit is Christus wat deur sy Gees verharde en verstokte harte breek en buig en so ook in Afrika sy kerk versamel en beskerm. Om iets daarvan te mag ervaar was vir my 'n groot voorreg. ¤

‘n NUWE ‘VRYMAKING’ IN NEDERLAND

VERSLAG

In *Clarion* van 10 Oktober 2003 skryf prof. NH Gootjes oor die onlangse gebeure in die GKV, die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrygemaak). Ons haal aan:

Die boodskap wat ek tussen my e-posboodskappe ontvang het, was in vet letters gedruk: “Skeuring in die Vrygemaakte Kerke.” Hierdie sogenoemde ‘Vrygemaakte Kerke’ is ons susterkerke, die *Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt)*. Hierdie kerkverband se lidmatetal staan volgens die 2003 Jaarboek op 78 405 belydende lidmate, met ‘n totale lidmatetal van 126 453.

In vergelyking daarmee is diegene wat hulleself onlangs ‘vrygemaak’ het, ‘n baie klein minderheid: in totaal ongeveer dertig persone. Ons mag hierdie ontwikkeling egter nie ignoreer vanweë die klein getalle wat daarby betrokke is nie. Dit sou nie reg wees om hierdie beweging op sy getalle te beoordeel nie. Dit is belangrik om na die sake te kyk wat tot hierdie nuwe vrymaking gelei het.

Hierdie afskeiding van die GKV is veroorsaak deur besluite wat deur die Sinode van Zuidhorn 2002 geneem is. En deurdat hulle dit ‘n ‘Vrymaking’ noem, benadruk diegene wat die beweging begin het, dat hulle optrede vergelyk kan word met die Vrymaking van 1944. Hierdie Vrymaking was ‘n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Die Vrymaking van 1944 het plaasgevind toe Gereformeerde lidmate geweier het om ‘n aantal Sinode-beslissings wat tussen 1942 en 1944 geneem is, te glo en te gehoorsaam – veral die besluite wat oor verbond en verkiesing gehandel het.

In 2003 word die term ‘Vrymaking’ opnuut gebruik. Daarmee word die doel van die beweging duidelik uitgespel: In 1944 was dit noodsaaklik dat die kerke hulle moes bevry van die dwang om Sinode-beslissings te aanvaar. So moet die kerke ook in 2003 hulle bevry van die besluite van die Sinode van 2002.

As ons kyk wat in 1944 die groot vraagstukke was, dan het dit gehandel oor ‘n aantal belangrike sake. Volgens die amptelike *Akte van Vrymaking*, het die Gereformeerdes in Nederland hulleself vrygemaak vanweë twee hoofoorsake:

- hulle het hulleself vrygemaak van leerstellige besluite wat gehandel het oor veronderstelde wedergeboorte, soos vasgelê deur die Sinode
- hulle het hulleself vrygemaak van die besluit van die Sinode om predikante en ouderlinge wat nie met hierdie besluite saamgestem het nie, te skors en selfs af te sit.

Twee dinge het dus ‘n rol gespeel. In die eerste plek het die Sinode van alle lidmate verwag om ‘n leerstellige besluit oor verbond en wedergeboorte te glo en te verkondig wat nie op die Skrif gebaseer was nie. In die tweede plek het die Sinode gesê dat predikante en ouderlinge wat weier om dit te aanvaar, uit hulle amp onthef moet word. Die vraag is nou of die situasie wat na die Sinode 2002 ontstaan het, met die situasie in 1944 vergelyk kan word.

DIE AANKLAGTE

Die redes vir die oproep tot vrymaking in 2003 was die feit dat die kerkraad van ‘n plaaslike kerk (Berkel – Rodenrijs) die besluite van die Sinode van Zuidhorn 2002 geratifiseer het. Volgens die siens-wyse van diegene wat hulle afgeskei het, moes die kerkraad verskeie onskriftuurlike Sinode-besluite verwerp het. Toe die kerkraad egter hierdie besluite aanvaar het, het die kerk volgens hulle ‘n pluralisitiese kerk geword. En met ‘pluralisties’ bedoel hulle dat die kerk valse leer toelaat. Die kerk het toegelaat dat beide die waarheid en die leuen in die kerke geleer word. Omdat die kerkraad die besluite van die Sinode aanvaar het, het hy die leuen net so ‘n wettige plek in die kerk gegee as die waarheid.

Verskeie sake word in die rapport genoem om hierdie aanklag te ondersteun. In die eerste plek word genoem dat ‘n broeder in die gemeente wat op Sondae werk, in die amp van ouderling verkies is. Besware wat by die kerkraad daarteen ingedien is, het nie gehelp nie: die broeder is in die amp bevestig. ‘n Volgende punt is die liedere wat in die erediens gesing word. Die Sinode het gesange goedgekeur wat van ander kerke afkomstig is. Volgens die mening van die beswaardes wyk hierdie liedere af van die Woord van God. ‘n Derde saak is dat die Sinode toegelaat het dat plaaslike kerke vereniging met twee ander kerkverbande nastreef, nl. die Christelijke Gereformeerde Kerken, en die Nederlandse Gereformeerde Kerk.

Op basis van hierdie besware trek die dokument die konklusie dat die GKV nie meer een in die waarheid is nie. Die kerke het ‘n kerk geword waarin waarheid en leuen gelyke regte het. En diegene wat die dokument onderteken het, wil nie

langer vir hierdie sondes verantwoordelikheid dra nie. Hulle soek vernuwing, 'n tweede vrymaking van Sinodebesluite.

Dit is sonder twyfel waar dat genoemde besware oor ernstige sake handel. Alreeds in die Nuwe Testament het die eerste dag van die week 'n spesiale plek ontvang. Dieselfde Nuwe Testament praat oor liedere in die kerk en karakteriseer dit as 'psalms, lofsange en geestelike liedere' (Ef. 5:19). En dit is ook waar dat die eenheid in die kerke 'n eenheid moet wees wat gebaseer is op die ooreenstemming in die geloof wat aan die heiliges oorgedra is (Ef. 4:3-6). Die vraag is egter of die konkrete aanklagte wat genoem is die konklusie regverdig dat ons Nederlandse susterkerke nie meer as kerke van Jesus Christus gesien kan word nie.

In die dokumente wat ek gelees het, kon ek nie iemand vind wat die konfessionele standpunt van die Gereformeerde Kerke betreffende die Sondag bespreek nie. Slegs een van ons belydenisskrifte bespreek dit, die Heidelbergse Kategismus in Sondag 38. In die materiaal wat ek onder oë gekry het, kon ek egter geen verwysing na hierdie Sondag vind om te bewys dat die veroordeelde standpunt met die belydenis in stryd is nie. Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die Sinode 'n studiekommissie aangestel het om ondersoek te doen na die handhawing van die vierde gebod vandag.

Insake die vele gesange, is dit waar dat die gesangboek sy oorsprong buite die Gereformeerde Kerke het. Die belangrike punt is egter die inhoud. Ek lees dat daar teen ongeveer 100 van die 117 gesange besware ingebring is. Ter verdediging van die gesangboek is egter opgemerk dat die kritici die tekste op 'n bevooroordeelde manier geïnterpreteer het en doelbewus na afwykings van die Skrif gaan soek het. As die liedere goed gelees word – so word gestel – bevat hulle niks wat met die Woord van God in stryd is nie. Dit is vir ons moeilik om te oordeel watter posisie in hierdie geval korrek is. Verdere studie is nodig, en sal sonder twyfel gedoen word.

Betreffende die pogings om eenheid met twee ander kerkverbande te soek, is die eerste oorweging dat eenheid tussen ware gelowiges 'n belangrike onderwerp is wat ons ondersteuning verdien, met die daad en met gebed. Dit sal baie bespreking, nadenke en gebed vereis. In hierdie besprekings sal die leerstellige basis van die kerke 'n deurslaggewende vraag wees. Glo al die partye dat die Skrifte die Woord van God is, en handhaaf hulle almal dieselfde belydenisskrifte waarin die belangrikste leerstellings van die Skrif saamgevat word? Elke generasie en elke kerk in elke kontinent ken die verleiding om die evangelie gemaklik en aangenaam te maak, en ons moet elke keer opnuut leer dat ons nie wyser as God moet wees nie. Sy wysheid is diep en Sy oordele is onnaspeurlik (Rom. 11:33).

Die daaglikse stryd om te glo en ooreenkomstig die woord van God te lewe gaan voort in Nederland, sowel as in Kanada. Ons sal moet oppas dat ons in ons geloof nie verswak en in ons lewe nie verslap nie. Ons sal moet werk en bid dat ons getrou mag wees, sowel in Nederland as in Kanada.

'n TWEEDE VRYMAKING?

Die vraag is egter of 'n nuwe Vrymaking in hierdie stadium geregverdig kan word. In die materiaal wat ek gesien het, is dit nie aangetoon nie. Dink aan artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar verskeie redes tot afskeiding genoem word. Kan ons sê dat die kerke in Nederland aan hulleself meer gesag toeken as aan die Woord van God? Kan ons sê dat hulle die sakramente nie bedien soos wat Christus dit aan hulle opgedra het nie? Vervolg ons susterkerke diegene wat heilig lewe volgens die Woord van God?

Aan die begin van hierdie artikel het ek die *Akte van Vrymaking* genoem. Hierdie beweging noem hulleself 'n 'nuwe Vrymaking'. Maar dit is nie aangetoon dat die besluite van die Sinode die kerklidmate gedwing het om hulle aan valse leer te onderwerp en om aan 'n afwykende sakramentsbediening deel te neem nie. Ons het ook nie gesien dat verkeerde Sinodebesluite deur kerklike tug en afsetting van predikante afgedwing is nie. Daar is 'n groot verskil tussen die oorsake van die Vrymaking van 1944 en die onrus in 2003. Die beweging van vandag kan nie met die Vrymaking vergelyk word nie. Dit beteken nie dat daar geen sorge is oor die Nederlandse kerke nie. Ons eie Sinode van Neerlandia 2001 het 'n lang verklaring aangeneem, waarin verskeie bekommernisse genoem word. Dit is die regte manier. As kerke kan en moet ons mekaar bemoedig om die hele leer van Gods Woord te handhaaf sonder om dit te verswak.

Laat ons voortgaan om God te prys vir die groot werk wat Hy gedoen het en nog steeds in hierdie wêreld doen. Laat ons bid dat die Here sy genade aan die Gereformeerde kerke sal betoon, sowel in Nederland as in Kanada. En laat ons die Gees volg terwyl Hy ons lei in die voortdurende gehoorsaamheid aan sy heilige wil.

(Artikel vertaal deur Dr AJ de Visser)

¤